**Geestelike sleutels wat ons help om te verander**



# Mediteer (Deel 2)

**2023-05-07**

**AGS Rayton**


**Past Gustav van Aardt**

14

## Reinig jou Verbeelding en Gedagtes

- Gedagtes en verbeelding het al 'n rol gespeel tydens die sondeval van die mens.
- Begeer wat verbied is.

**Gen 3:6** Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.



Amp: Wise and insightfull

15

# Reinig jou Verbeelding en Gedagtes

- Ons kan skep met ons verbeelding. Dit vind plaas in ons gedagtes.
- Ons verbeelding help om ons gedagtes te anker
- Ons verbeelding kort vernuwing en reiniging.

**Rom 1:21 omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.**

**Rom 1:21 Because when they knew and recognized Him as God, they did not honor and glorify Him as God or give Him thanks. But instead they became futile and godless in their thinking (with vain imaginings, foolish reasoning, and stupid speculations) and their senseless minds were darkened. (Amp)**

16

# Reinig jou Verbeelding en Gedagtes

- Hart / Gedagtes / Verbeelding
- Dit verwys na "binne ons".
- Dit is waar onreine dinge ontstaan.



**21 Want uit jou binneste, uit jou hart, kom slegte gedagtes, soos onsedelikheid, diefstal, moord, 22 huweliksontrou, gierigheid, slegte bedoelings, skelmstreke, ongedissiplineerdheid, jaloesie, vloekery, hoogmoed en dwaasheid. 23 Al hierdie slegte dinge kom van binne af. Dit is wat jou voor God onrein maak. Mar 7:21-23**

17

## Reinig jou Verbeelding en Gedagtes

- Ons gedagtes, verbeelding en verstand moet verander word. (binnekant)

And be not conformed to this world: but be ye transformed by the renewing of your mind, that ye may prove what *is* that good, and acceptable, and perfect, will of God.

**Rom 12:2**



Amplified: …..but be transformed (changed) by the (entire) renewal of your mind (by its new ideals and its new attitude)…..

Kol 3:2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.

18

## Hoe lyk jou gedagtes?

**Job 21:27 Kyk, ek ken julle gedagtes en die slim planne waarmee julle gewelddadig teen my optree.**

**Psa 139:23 Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes;**

**Mat 9:4 En toe Jesus merk wat hulle gedagtes was, sê Hy: Waarom bedink julle slegte dinge in julle harte?**

**Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.**

19

## Hoe moet jou gedagtes lyk?

**Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. Fil 4:8**

20

## Hoe maak jy gereed om te mediteer?

- Leer om te mediteer deur te mediteer.
- Sekere tye is beter as ander.
- Dit is goed om ‘n plek en tyd te kry waar jy nie onderbreek word nie.
- Kan wees terwyl jy stap, ry, sit, kniel ens.
- Sluit jou oë, of fokus miskien op iets mooi in die natuur.
- Doel is om ons aandag vanaf liggaam, emosies, verstand en gees op God te fokus in die aangesig van Jesus Christus.

Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus. 2 Kor 4:6

21

# Waarop mediteer ons?

**Woord van God**

Luk 2:19  maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink.

- Moet nie op baie gedeeltes mediteer nie.
- Kan selfs 1 vers of gebeurtenis 'n week wees.
- Sien jouself in die oomblik en beleef dit met jou sintuie (verbeelding)
- Onthou jou gedagtes en verbeelding is nou gereinig.
- Moet nooit Jesus uit die oog verloor nie. (Word soos een van Sy dissipels).
- Deur God se Woord te oordink sal jy alle areas dek.





**Die wêreld / mensdom vandag**

- Plaas dit in verhouding met God se Woord en wat Jesus kom doen het.
- Oordink God se plan, Sy liefde vir die mens, maar ook wat moet kom.
- Dink aan verlorenes.
- Hulle wat vervolg word oor Jesus Christus.

22

# Afsluiting

- Kry jou gedagtes by God en mediteer op die Woord
- Luister na die Heilige Gees se stem, en wees gehoorsaam.
- Spandeer tyd in gebed met God in diepe oordenking
- Reflekteer op God se werke
- Reinig jou gedagtes voortdurend en maak dit vol van geestelike dinge

*Ps 1:1  Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;  2  maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.  3  En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.*



23